

'n Goue kalf in ons midde

Teks: Hosea 8: 1 - 14

Teksvers: Hosea 8: 5, 6

1. Inleiding

Hoe lank gaan julle nog buig voor iets wat nie God is nie? Miskien is dit 'n skokkende vraag wanneer ons hier as kerk van die Here vergader vanoggend. Tog is hierdie vraag wat Hosea in 8ste eeu voor Christus vrae vandag nog net so relevant. Want sien die saak in ons teksgedeelte gaan oor eiewillige Godsdien, in terme van afbeeldings maak. Dit is nie onbekend aan ons nie, omdat Eksodus 32 se geskiedenis oor die goue kalf vir ons bekend is.

Maar Eksodus 32 was natuurlik ook vir die volk in die Ou testament bekend. Hulle moes ook tog presies verstaan het hoe die volk in Eksodus 32, die tweede gebod uit Eksodus 20:4 oortree het. ⁴“Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. ⁵Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My”

Tog is dit juis die punt. Die mense van die noordelike stammeryk in Samaria begaan dieselfde sonde. Van hulle kant af, kan 'n mens eintlik die verweer hoor as jy mooi luister. Dinge is mos nou nie meer dieselfde as toe Moses die volk uit Egipte gelei het nie. Hulle sal sê ons

leef nou in ons eie stede, met ons eie land en ondernemings. En ons het reeds die koningskap en regering getransformeer, vers 4 veroordeel juis hierdie optrede. Die mense kon reken dat al wat nou oorbly is om ook die Godsdien te transformeer, of dan te moderniseer. Vra en antwoord ons verkeerdelik nie ook nog vandag dieselfde vrae nie.

2. Van die ander kant af gesien

Die probleem met eiewillige Godsdien is dat ons dit van die verkeerde kant af aanskou. Om dit te verduidelik kan ons verwys na die almagtige God en hemelse Vader aan die een kant. En dan ons as mense aan die anderkant. In die middel van hierdie twee kante tref ons dan Godsdien aan, as die manier waarop hierdie twee kante bymekaar uit kom.

In die sondigheid van die mens was hierdie Godsdien heeltemal verbreek. Ons was dood in die sonde. Trouens dit is steeds die refrein in ons teksgedeelte. Vers 12 verwys na tienduisend leringe of ontelbare afskrifte van die wet van die Here. Tog is daar nie gehoorsaamheid aan hierdie wet nie. Met ander woorde van mens se kant, is daar 'n doelbewuste keuse om die opdragte van God nie te gehoorsaam nie. Maar dit is net van ons kant gesien.

En dit is juis die probleem. Ons probeer God aan ons kant van Godsdiens plaas. Dit begin met 'n groot te kort aan respek en nederigheid. Ons sien dit dan uitspeel in 'n afdwing van my wil op die Here. Ons ken mos vandag die individualistiese uitspraak, "maar sien die saak van my kant af". Dit is dan amper of die mens dit so wil af forseer op die Here ook.

Maar eintlik moet ons juis die goue kalwers van God se kant af aanskou. Ons moet dit sien as daardie ding wat uiteindelik in die pad kom staan. 'n Mens gemaakte voorwerp soos ons in vers 6 sien. 'n Mens gemaakte voorwerp wat uiteindelik ons ervaring van God inperk en verarm. Dit is juis om hierdie rede wat uitbeelding van God so sterk veroordeel word deur die Here self. Want geen mensgemaakte voorwerp sal ooit die volle heerlijkheid van God kan openbaar nie.

3. 'n Vermenging met die bose

Die volgende volgende probleem met eiewillige Godsdiens in terme van afbeelding te verduidelik kan ons die verduideliking as volg uitbrei. Waar ons in die vorige punt vir God aan die een kant en die mens aan die ander kant, met Godsdiens in die middel gesien het, kan ons nou uitbrei. Ons kan 'n derde been van die middelpunt van Godsdiens byvoeg. Aan die einde van hierdie been staan ander gelowe. En

omdat daar geen ander ware geloof bestaan nie, kan ons eintlik sê dat dit die duiwel self is wat aan die einde van hierdie been staan.

Dit is presies wat gebeur in ons teksgedeelte. Die bul kalf was 'n sentrale beeld in baälaanbidding. Baälaanbidding het dan sterk gefokus op vrugbaarheid. Hierdie manipulerings van afgode, en dan veral baäl deur offers het van die ander volke rondom Israel oorgespoel. Hulle het geglo dat indien die afgode gelukkig gehou is met offers, sal hulle sorg dat 'n mens vrugbaar en voorspoedig is. Met ander woorde vrugbaarheid by die mens, maar veral ook onder die vee en landbou. Vandaar dan die beeld van 'n sterk vrugbare jong bul.

Die volk het dan stelselmatig hierdie twee Godsdiens daar in die middel van ons driehoek probeer vermeng. Dit is wat ons vandag ook nog onbewustelik doen wanneer ons eenvoudig vreemde idees en oortuigings vanuit die wêreld die kerk in dra. Wanneer ons meer modern en sosiaal aanvaarbaar wil wees as kerk.

Onder die dekmantel van relevant wees in 'n moderne wêreld laat ons stadigaan ook die goue kalwers nader kom na die kerk. Tot op 'n dag wat daardie selfde goue kalf in die middel van kerkwees kom staan. En dan wanneer daar oproepe kom om hom te verwyder, word daar vinnig gepleit vir aanvaarding en respektering van ander

interpretasies en oortuigings van skrifgedeeltes.

4. Die enigste ware middelaar

Die uiteindelijke probleem, indien ons ook ons verduideliking verder wil vat lyk soos volg. Uiteindelik word die drie bene vanuit die Godsdiens middelpunt weer net twee bene. Hierdie twee bene wat oorbly is dan weer van ons na Godsdiens en van Godsdiens na die Here. Maar omdat die bese nie bereid om sy plek op te gee nie, kom staan hy in die middel. Die goue kalf staan uiteindelik in die middel van Godsdiens, en verhoed heeltemal ons toegang tot die Here. Want uiteindelik wil die bese nie hê dat ons die Here aanbid nie. Nee die bese wil hê dat ons hom moet aanbid.

Dit is maar op die einde daardie selfde ou versoeking uit Matteus 4:9 “Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.” En omdat die mens keer op keer vir hierdie versoeking en verleiding geval het, is verlossing so nodig. Verlossing wat van buite hierdie wêreld kom. Ons Here Jesus Christus kom word mens. Hy kom staan hier in die middelpunt. Daardie punt wat ons nog heeltyd uitbeeld met Godsdiens. Christus wat volmaak mens is, maar ook heeltemal God is kom word die volmaakte afbeelding van God hier op aarde.

As middelaar kom staan Hy in die plek van ons gehoorsaamheid, met ’n

volmaakte gehoorsaamheid. Maar Hy kom staan ook in die plek van ons straf voor die Here. Christus ontvang die volle toorn van God in ons plek. Al ons ongeregthede neem Hy op Hom en doen volmaak daarvoor versoening. Ons Here Jesus Christus kom word die weg en die waarheid en die lewe.

Uiteindelik is daar nie iets nie, nie ’n mensgemaakte voorwerp nie. Maar daar is iemand wat in die middelpunt van ons Godsdiens kan kom staan. Hy wat vir ewig en altyd die enigste hoof van die kerk sal bly, ons Here Jesus Christus. Ons moenie vandag toelaat dat die goue kalf vir Christus uit die middelpunt van ons kerk wees verwyder nie.

5. Slot

Ons kan vanoggend afsluit met die volgende gedagtes. Die versoeking van eiewillige Godsdiens bly deur die jare ’n groot versoeking. Daar is maar altyd ’n goue kalf wat nie kan wag om in die middel van kerk wees te kom staan nie. Ons is geneig om wanneer dit by die tweede gebod kom, vas te kyk in letterlike afgodsbeeldjies. Maar die moderne mens dink dat hy baie slimmer as dit is. Die kenmerk waaraan ons ’n uitbeelding kan uitken word vir ons beskryf in vers 6. Ons lees dit is die werk van ’n ambagsman.

Sodra ons besig is om iets wat deur mense gemaak is voor te hou as die beeld van God, is ons op die gebied van uitbeelding. Niks wat ons as mens

kan maak, kan ooit selfs iets van die
volmaakte almagtige God uitbeeld nie.
Trouens dit is dikwels versoekings van
die bose wat mense tot uitbeeldings
lei.

Maar meer as uitbeeldings gaan
eiewillige Godsdiens ook oor eie
oortuigings. En oortuigings is selde
werklik eie oortuigings. Oortuigings
word gewoonlik gevorm deur tendense
en strominge in 'n samelewing. En
daarom is hierdie saak van eiewillige
Godsdiens ook maklik om uit te ken.
Wanneer daar 'n gewilde idee uit die
samelewing bloot die kerk ingedra
word, beweeg ons op 'n gevaarlike
gebied. Maar ons het vandag
weereens die voorreg om die woord
van die Here aan te hoor. Ons kan
opnuut ag slaan op die profesie van
Hosea, want soos ons gesien het, is dit
vandag nog net so relevant. Wanneer
ons, ons Godsdiens op goue kalwers
in ons midde baseer sal daar
uiteindelik net splinters oorbly.

Amen